# Gans Berg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

7 March 2025 PRYS / PRICE R12.00 241th Edition


# Neverending story with Veldfires... Natural or Arson......



The recent veldfire was originally reported to be behind the rubbish dump on 27 February 2025 and Overstrand Fire Services were on the scene - due to a strong southeastern wind, the fire was pushed towards the R43, De Kelders and Perlemoenbaai, with the firefighters on high alert. Thinking of the rubbish dump area, could the veldfire be started due to natural causes or perhaps intentional actions. Approximately 213 hectares have burned, while the fire remained still out of control at that stage.

Aerial support was activated due to the inaccessibility of the area for firefighting vehicles. On social media it was reported that a fire vehicle burnt out, which is not true. Two houses sustained minor damage, and one fire tanker sustained minor fire damage. Due to limited visibility from dark clouds of smoke, the R43 between Gansbaai and De Kelders was temporarily closed. All hands were on deck while firefighters were fighting the fire. The following resources were on scene: *20 firefighters with 11 vehicles; *4 traffic officers; *14 Law Enforcement and Task Team members; *Gansbaai SAPS and ambulance services were also on the scene.

**Gemeenskap en Besighede:**

Groter Gansbaai se gemeenskapslede en besighede het, soos in die verlede, getoon dat hulle oop hande en opregte omgee-harte het. Koeldrank, water, eetgoed, pizza's en baie meer het letterlik en ongevraag ingestroom om ons getroue brandweermanne en -vroue te ondersteun. Die Gans-Berg Nuus se redakteur, Michelle van Zyl, met helpers, Marno Pretorius en Marile Geldenhuys, het self ook ingespring en hulp op haar 'status' gevra. Sy het ook gery en mense gevra, soos onder andere (alfabeties): Best Burger, Blue Bottle, Boathouse, Eileen's, Gansbaai Bottle Store, Gansbaai Superette, Guiseppes, Harbour on Deck, Mrs Thelen, OK Liquor, Wielhuis en Wipdeur, wat elkeen 'n skenking gemaak het. Michelle het self gery om die goedere op te laai en af te lewer. Water, koeldrank en klein Bar Ones het sy uit eie sak aangekoop.




Van vlamme na donker rookwolke - alles binne 18 sekondes! (*Foto: Melinda Wessels*)

Gemeenskapslede het ook by BARC (Birkenhead Animal Rescue Centre) bymekaar om honde en katte op te laai indien nodig. Dit is 'n riem onder die hart om te luister na die wonderlike optredes van gemeenskapslede en besighede - dit is Gansbaai, waar nood mense laat saamstaan. Die Gans-Berg Nuus bedank graag 'n ieder en 'n elk vir hulle kosbare bydraes.

**Hardus Botha**



*Foto: Marilé Geldenhuys*



*Foto: Marilé Geldenhuys*

















# Pearly Beach Hengel Kankerstap 2025 Doelwitte by verre oorskrei



"Na maande se beplanning en wonder of ons by die doelwit van 250 stappers en 'n R18 000 donasie aan die Overstrand Hospice gaan uitkom, breek Sondag 23 Februarie 2025 aan," vertel Colleen de Kock, organiseerder van die suksesvolle Pearly Beach Hengel Kankerstap. "Die verrassing was groot met 300 stappers wat opgedaag het en 'n volle R40 000 wat ons aan Overstrand Hospice kon oorbetaal, in stede van die beplande R18 000!" Colleen het 'n telefoniese onderhoud aan die Gans-Berg Nuus toegestaan, wat sy met 'n skriftelike verslag opgevolg het - wonderlik en interessant, maar dit moes ongelukkig verkort word (sonder weglating van feite).

Vroeg Sondagoggend was alles gereed vir die stappers se aankoms: "Goodie Bags" vol verrassings en "Snack Packs" vol eetgoed. Uitgedos in helder kleure wat verskillende tipes kanker verteenwoordig, het die stappers opgedaag. Daar was deelnemers van so ver as die Kaapse Metropool, Overberg, Boland en selfs Pretoria. "Elim se span van 31 deelnemers het sommer met 'n taxi en 'n konvooi privaatvoertuie hier aangekom," het Colleen gesê.



Om 09:30 lui Colleen die klok vir die stappers om pad te vat - deurentyd onder die toesig van hulle 3 "marshals", Andrew Smith, Fanie van Rensburg en Annelie Kruger, asook Cassie Carstens van Overberg Medical Rescue (OMR) en 2 gawe verkeersmanne. "Die stappers het in Charlie van Bredastraat afgestap en by die begin van die meander-roete kon hulle kies om die meander strandlangs te stap, óf om op die gemakliker teerpad te stap - dis mos nie 'n resies nie," het Colleen gesê. By Castle Beach het 300 botteltjies 'bubbles', geskenk deur Nelia Koekemoer, op die stappers vir 'n spesiale seremonie gewag. Ewan Swart, Hengelkaptein en Klubvoorsitter, het die verwelkoming hanteer. Na 'n minuut van stilte het Stefan Jordaan 'n gebed gedoen en Gabriella (Gabbi) Horgan het 'Amazing Grace' gesing - met almal wat spontaan saamgesing het. 'Bubbles' is die lug ingeblaas ter herdenking aan almal wat deur kanker geraak word.

Daar was enkel 'pitstoppe', elk met sy eie karakter. Fanie en Elize du Toit en Anne Swart en haar twee vriendinne het met waterbottels en 'n "snack pack" gereed gestaan. Daarna was dit vrugtesap-ysies en by Hawestraat het Isolde met heerlike soet waatlemoen-stukke gewag. By die Whalecoast Brewing Company het Stavros en sy span die stappers met lekker koue bier en sakkies springmielies ingewag. Die laaste entjie terug klub toe, het almal deur Pearly Beach se mooi Fynbostuin gestap. By die klub is



geverfde klippe aan elke stapper gegee en in die saal het vars Two-a-Day appels, Ceres-druiwe, pakkies lekkernye van Cape Dried Fruit en Peggy se vars samoosas op die stappers gewag, asook lekker roomys - nouja, wie sal nou nie só 'n Kankerstap terdeë geniet nie!

"Uit my hart uit, 'n baie groot dankie aan elke liewe mens wat deel was van hierdie dag," het Colleen afgesluit. "Sonder mense wat stap en wat met alles help, asook borge met oop harte en hande, kan 'n dag soos vandag nie suksesvol afloop nie." Colleen sê sy sien uit na 2026 se Kankerstap in Pearly Beach - "mag ons droom van 500 stappers en 'n R100 000 donasie? Dan beter ons solank aan die werk spring!"

**Hardus Botha**

# 'Windgedrewe' Skemerstap

"Sterk wind of nie, ons gaan stáp," was die sowat 220 dapper stappers se opmerking. "Ons 'kleiner' geboude dames sal, net vir ingeval, aan mekaar vashou om nie see-in gewaai te word nie!"

Dit was Herberg-aan-See (HaS) se jaarlikse Skemerstap ten bate van HaS se Bejaarde SASA pensioenarisse se Deernisfonds op Woensdag, 26 Februarie 2025. Die vrywillige donasies wat tydens die Skemerstap ingesamel word, het ten doel om bejaardes wat nie hulle verblyfkostes kan bekostig nie, te ondersteun en te verhoed dat hulle sonder 'n heenkome gelaat word.

Die groep kom by Kleinbaai Sleephelling bymekaar, waar hulle registreer en 'n drinkdingetjie kry om 'moed' bymekaar te skraap, veral soos met Woensdag se sterk wind. Die groep stappers, waarby 'n hond of wat ingesluit is, gesels dan land en sand, wat dit na 'n basaar laat klink, voordat die pad aangedurf word. By 'n groot hoop sand langs die kuspad en met die



geweldige wind, het Sharon Bales 'n gepaste opmerking gemaak: "Vandag stap ons dat die stof so staan!" By 'n groot hoop sand langs die kuspad en met die geweldige wind, het Sharon Bales 'n gepaste opmerking gemaak: "Vandag stap ons dat die stof so staan!"

Die Skemer-stappers begin hulle staptog by Kleinbaai Sleephelling en stap kuslang op die gruispad, volg 'n stukkie kuspad, stap verby Rooikransies en dan op die teerwandelpad tot by die voormalige Strandveld Museum. 'Rolstoelstappers' is altyd welkom en begin hulle 'rolstap' by Blousloep, waar hulle dan padlangs tot by die eindpunt rolstoel-ry. Daar wag manne met welkome, koue 'drinkgoed' op hulle, en gelukkig is hulle nie suinig vir 'n ou tweede glasie nie! Maar almal se oë draai na die groepie flukse dames wat smaaklike worsrolle met sous en paaseiertjies aan almal met kaartjies uitdeel. Dán word daar behoorlik saamgekuier en geëet - sommer op piekniekkomberse en seilstoele!

**Hardus Botha**











BLINDS & FLOORING
studio
T 028 384 3898
C 082 417 5590
Shop 2, Protea Centre,
Main Road Gansbaai
Call us for a FREE quotation
We do Blinds, Shutters, Awnings, Carpets, Flooring
info@blindsflooring.co.za

FYNBOS
POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
PINE POLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS
GARDEN EDGING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

Overberg Scaffold & Machine Hire

Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area. Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676


Groeneweide bokkies







# Okkie Smuts Koshuis... Bande met Gansbaai opnuut verstewig

Hilton Temmers (Skoolhoof), Stienie Geldenhuys (Projekverteenwoordiger), William Swart (Koshuisvader) en Vicky Nel (Koshuismoeder).



Die flink ondersteuningsgroep van Laerskool Okkie Smuts in Stanford se koshuis, onder leiding van Stienie Geldenhuys, het Laerskool Okkie Smuts op Maandag, 24 Februarie 2025 op uitnodiging besoek. Sowat 20+ lidmate van die NG Kerk Gansbaai was teenwoordig. "Dit was 'n voorreg om almal weer te sien, oorhandigings te kon doen, nuwe inligting te kry en die bestaande bande weer te versterk," het Stienie gesê. Laerskool Okkie Smuts, onder leiding van Hilton Temmers as skoolhoof, sorg vir 'n Christelike basis met gesonde waardes vir die leerders. Die Koshuisvader is William Swart en die Koshuismoeder is Vicky Nel.

Stienie is al sowat 8 jaar in groepsverband by die koshuis betrokke en sowat 15 jaar op haar eie. Tans werk sy met 8 'dames-ankerpunte', wat elkeen 'n goedgeorganiseerde netwerk het vir die insameling van allerlei kruideniersware, toiletware en ander produkte. Hierdie 'ankerpunte' waarna Stienie verwys, verdien erkenning. Hulle is (alfabeties): Adri Bester, Annetjie van Zyl, Elizma de Lange, Joan le Roux, Lorraine Ackermann, Marianna Janse van Rensburg en Ria Scholtemeijer. "Elkeen van hierdie dames en hul helpers, is vrywilliglik vir die insameling van maandelikse noodsaaklikhede verantwoordelik," vertel Stienie. "En dit is wonderlik om net op hulle 'knoppies' te druk, en die samewerking is daar!"

"Hierdie is 'n verbintenis wat teruggaan na voor die 1940's toe die Gansbaai NG-gemeente nog deel van die Stanford NG-gemeente was," vertel ds Floors Avenant, voorsitter van Gansbaai se Bediening Missionaal, wat deel van die groep besoekers was. "Die koshuis was die tuiste van omliggende plaaskinders vanuit die groter Stanfordomgewing, waarvan vandag se Groter Gansbaai ook deel was." Hy vertel dat, na die NG Kerk se afstigting van Stanford in 1944, die verbintenis tussen die twee kerke voortbestaan het. "Dit het veral behels dat kruideniers- en toiletware onder die lidmate versamel is en aan die Okkie Smuts koshuis oorhandig is. Gedurende daardie jare het die Vrouediens 'n groot rol gespeel. Nuutgestigde 'Bedieninge' het hierdie en ander verantwoordelihede oorgeneem. Laerskool Okkie Smuts se koshuis is as 'n portefeulje by Bediening Missionaal (BM) bygevoeg, met Stienie as die verteenwoordiger.

Die NG Gemeente se Kerkraad begroot jaarliks vir hierdie mooi saak. Die fokus bly welliswaar op die koshuis, maar leerlinge wat op sport- en kultuurvlakke presteer, word ook ondersteun. Daar is ook 'n klein persentasie leerlinge vanuit die Groter Gansbaai in die koshuis. Die onlangse besoek aan die koshuis, het weer die bande met die koshuis verstewig, waaroor groot dankbaarheid heers. (*Fotos: ds Floors Avenant*)

**Hardus Botha**

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**

**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*


*Ontspanningskamer*

**Stanford Rotariërs se ondersteuning van Laerskool Okkie Smuts en Koshuis is altyd 'n plesier om van kennis te neem. Hierdie keer was dit 'n ontspanningslokaal waarmee hulle gehelp het, waar George Briedenhahnn sy vernuf by die snoekertafel wys, asook 'n pragtige speelterrein vanuit Australië, waar die Rotariërs die vervoerkostes betaal het. Die speelterrein moet nog gefinaliseer word," het Lana Coats, President, gesê.**
**Hou die Gans-Berg Nuus dop vir 'n volledige berig ná die voltooiing van die speelterrein.**
**Hardus Botha**


*Speelterrein*



**Pure Sea Boutique Lodge, Romansbaai recently received another award for 'Best Boutique Lodge South Africa 2025', presented by Luxe Hotel Awards 2025. The sole owner of the lodge, Dekock Björn (right), told the Gans-Berg News he is extremely proud due to fact that this is the second award he received. Dekock said three years back it was only fynbos, rocks and open ground and they only started in November 2022.**
**Hardus Botha**






# Misdaad moet te álle tye aangemeld word

Die Stasiekommisaris van Gansbaai SAPD, Lt/Kol Jansen van Rensburg, wil eerstens alle inwoners van Groter Gansbaai bedank vir hul samewerking gedurende die Feestyd. Tweedens doen hy 'n dringende beroep op alle inwoners om alle misdaad, hoe gering ook al, by die SAPD aan te meld, weens verskeie redes.

***Handhawing van Wet en Orde:**
Deur misdaad aan te meld, stel jy die polisie in staat om ondersoek in te stel, die oortreders vas te trek en hulle aan geregtigheid te onderwerp. Dit help om orde in die gemeenskap te herstel en verdere misdaad te voorkom.

***Versameling van akkurate data:**
Misdaadverslae help die polisie om patrone en tendense te identifiseer. Hierdie data is noodsaaklik vir die ontwikkeling van strategieë om spesifieke tipes misdade in bepaalde gebiede te bekamp. Sonder die aanmelding van misdade mag sekere probleme ongesiens bly.

***Gemeenskapsveiligheid:**
As misdaad aangemeld word, kan die owerhede voorkomingsmaatreëls tref, soos verhoogde patrollies of bewusmakingsveldtogte. Dit verbeter almal se veiligheid in die gemeenskap.

***Versekeringseise:**
Baie versekeringsmaatskappye vereis 'n polisieverslag voordat hulle eise vir gesteelde items of skade verwerk. As jy misdaad nie aanmeld nie, kan jy finansieel benadeel word.

***Regverdige hantering van slagoffers:**
Die aanmelding van misdaad help om die stem van 'n slagoffer gehoor te maak en te verseker dat verhoogde patrollies of bewusmakingsveldtogte wel plaasvind.

***Voorkoming van verdere misdaad:**
Misdaad wat nie aangemeld word nie, laat potensiële misdadigers ongemerk voortgaan. Deur misdaad aan te meld, help jy om toekomstige oortredings te voorkom deur verantwoordelikheid af te dwing.

***Vertroue in die regstelsel:**
As gemeenskapslede gereeld misdaad aanmeld, toon dit 'n samewerking met die owerhede en help dit om vertroue in die regstelsel te bou. Dit motiveer die polisie en regstelsel om meer effektief op te tree.

***Praktiese wenk:**
Selfs as jy dink dat die misdaad "klein" of "onbelangrik" is, kan die versameling van sulke verslae lei tot 'n groter prentjie wat andersins onopgemerk sou bly. Jou verslag kan deel wees van 'n skakel in groter ondersoeke.

***Bevolkingsgroei:**
Onder andere word die bevolkingsgroei en misdaadstatestieke van 'n area deur die ontleders van die SAPD se doelmatigheidsdienste geëvalueer en daarvolgens word die getal lede en voertuie wat aan polisiestasies toegeken word, bereken.

**Uitgereik deur die Stasiekommisaris van Gansbaai SAPD, Lt/Kol Jansen van Rensburg**

# Resep vir die week









# Loadshedding 'tips'

Switch off before the power is coming back on. With the sudden return of loadshedding please keep the following in mind:

**Please wait at least 30 minutes after power is restored before turning on geysers and reloading back-up batteries. These items place a big strain on the network and can lead to the system overloading. Please set your inverters accordingly.

**Wait a few minutes after power is restored before using appliances like kettles or starting laundry.

**Only turn on geysers, pumps, etc., once the power has stabilised to avoid damaging the electronics.

**The 18:00 and 20:00 periods are especially risky, as the sudden demand from appliances can overload the system and trip circuit breakers.

By switching off major appliances during loadshedding, you assist to ensure that we can keep everyone on once the power is restored and help minimise the impact on our municipal electrical network.



**Early warning for 18 March 2025**
Please take note that Eskom has confirmed a planned power outage for Hermanus, Stanford, Gansbaai and surrounding areas for maintenance. The outage is scheduled for 18 March 2025 from 06:00 to 18:00, with 25 March 2025 as an alternative date. Kindly note that Hawston, Fisherhaven, Vermont, and part of Onrus will not be affected.

**Overstrand Municipal: Manager, Dean O'Neill**



**Foto LSG Atletiek**

**Baie geluk aan Liëtte Kotze met haar opname in die Boland Atletiekspan 2025. Sy het Saterdag, 22 Februarie 2025 aan die Boland Atletiekbyeenkoms deelgeneem en 'n 4de plek in gewigstoot behaal. Alle sterkte vir die volgende byeenkoms, die Gansies is trots op jou.**

NEWS

**Have a story you want to share?**

Contact Hardus - 082 786 0494 / info2@gansberg.co.za

### OVERSTRAND MUNICIPALITY

**AMENDED NOTICE**

**ERF 146, 2 MARK STREET AND ERF 631, 2A MARK STREET, GANSBAAI: APPLICATION FOR REZONING, CONSOLIDATION, CONSENT USE, AMENDMENT OF CONDITIONS OF APPROVAL AND DETERMINATION OF AN ADMINISTRATIVE PENALTY: MESSRS PLAN ACTIVE TOWN & REGIONAL PLANNERS ON BEHALF OF J & MM STEENKAMP**

Notice is hereby given in terms of Section 47 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) that Municipal Notice 33/2025, dated 28 February 2025 is hereby amended to reflect the correct closing date of **04 April 2025**.

### OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

**GEWYSIGDE KENNISGEWING**

**ERF 146, MARKSTRAAT 2 EN ERF 631, MARKSTRAAT 2A, GANSBAAI: AANSOEK OM HERSONERING, KONSOLIDASIE, VERGUNNINGSGEBRUIK, WYSIGING VAN DIE GOEDKEURINGSVOORWAARDES EN BEPALING VAN 'N ADMINISTRATIEWE BOETE: MNRE PLAN ACTIVE STAD- EN STREEKSBEPLANNERS NAMENS J & MM STEENKAMP**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 47 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) dat Munisipale Kennisgewing Nr. 33/2025, gedateer 28 Februarie 2025 hiermee gewysig word ten einde die korrekte sluitingsdatum van **04 April 2025** te reflekteer.

### UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

**ISAZISO ESILUNGISIWEYO**


**ISIZA 146, 2 MARK STREET KUNYE NESIZA 631, 2A MARK STREET, E-GANSBAAI: ISICELO SOKUCANDWA KWAKHONA, UDIBANISO, UKUSETYENZISWA KWEMVUME, ULUNGISO LWEMIQATHANGO YOKUVUMA KUNYE NOKUMISELWA KWESOHLWAYO SOLAWULO: MESSRS PLAN ACTIVE TOWN & REGIONAL PLANNERS EGAMENI LIKA J & MM STEENKAMP**

Isaziso siyanikezelwa ngokwemiqathango yeCandelo lama47 nelama48 loMthetho kaMasipala woLungiso loLungiso lukaMasipala wase Overstrand kuCwangciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala ka 2020(uMthetho kaMasipala) ukuba iSaziso sikaMasipala esine nombolo engu 33/2025,umhla 28 EyoMdumba 2025 silungisiwe ukuze sibonakalise umhla ochanekileyo wokuvala we **04 ekaTshazimpuzi 2025**.

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 42/2025

152064




# Brain Teasers / Kopkrappers

|   |   |   |   |   |   |   |   |   |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
|   |   |   |   |   |   |   |   | 4 |
| 7 | 4 |   |   |   |   | 9 |   |   |
|   |   |   |   |   |   | 2 | 8 |   |
|   | 1 |   |   | 5 |   |   |   | 6 |
|   | 8 | 2 |   |   | 3 | 7 |   |   |
|   |   | 6 |   |   |   |   | 3 |   |
|   | 2 |   | 7 |   |   |   | 4 |   |
|   | 3 | 5 | 4 | 1 |   |   |   |   |
|   |   |   |   |   |   | 8 | 5 | 1 |

L K O W B L O A N I S T O N D J Q
X Z B O A I T S O U G U K N M M U
F L L R X W E J R K P N A R C H J
O H A T H A W A Y A A S E D E D U
S G N L A J G B Q W I H O I S N E
T Y C A S W B U S E C R O A E J X
E H H P Q M I A R U M W H Z T N N
R Y E L D N A T R A U K Q L A P E
I L T R A J S D N R S T R E B O R
X E T N O N M D A B Y I U J Y L R
L A B L A N G B W C W M C Y P O I
N Z I M C G P E S W M L O C K G M
D E N C H E I N Q Q D R U R I H B
K C G N I N N A F A I K A W E R F

ALBA
ANISTON
BARRYMORE
BATES
BLANCHETT
CHER
DENCH
DIAZ
FANNING
FOSTER
HATHAWAY
JOLIE
LANGE
MCADAMS
MCDORMAND
MIRREN
PALTROW
PAQUIN
RICCI
ROBERTS
STREISAND
SWANK
THERON




## ANSWERS

|   |   |   |   |   |   |   |   |   |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 6 | 1 | 3 | 8 | 2 | 7 | 9 | 4 |
| 2 | 9 | 4 | 5 | 6 | 7 | 3 | 1 | 8 |
| 8 | 7 | 3 | 9 | 1 | 4 | 2 | 5 | 6 |
| 9 | 2 | 5 | 6 | 7 | 1 | 4 | 8 | 3 |
| 6 | 1 | 7 | 8 | 4 | 3 | 5 | 2 | 9 |
| 4 | 3 | 8 | 2 | 9 | 5 | 1 | 6 | 7 |
| 1 | 8 | 2 | 4 | 3 | 9 | 6 | 7 | 5 |
| 7 | 4 | 9 | 1 | 5 | 6 | 8 | 3 | 2 |
| 3 | 5 | 6 | 7 | 2 | 8 | 9 | 4 | 1 |

A G S W C R U Z M F A G R P G Q Y
H L P R E G E W L L E Z Z Z Y E E
O F A Y O W S I E H I E M O T N L
R B C K O W I T H E R S P O O N T
U T E L S N I W T D I Y E O R A H
H J K L A P D R J A S Q M J E M G
T Z A H A U F N H K W A A O D T I
A H O D N S O E C A C O W H Y R N
B L U S N D N O I L Y E T A R O K
O G T R N A L I A F A E G N G P Y
I T R A M L M I K V F B K S Q G C
E J R U U A N D E C I E Z S C A D
M A N B D E N R I I E K R O H L H
S T R E E P Q E Z K F B H N V D E

Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON | OVERBERG

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

Overstrand Medical Response
More Than Just EMS
078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335




# LSG-skaakleerders 'boer' vooruit

Gereelde berigte dui op verskeie sportsoorte waar Laerskool Gansbaai (LSG) se leerders uitblink. Een daarvan is gewis hulle skaakspelers wat 'handuitruk'.

Op Saterdag, 22 Februarie 2025 het 59 van LSG se skaakleerders aan die Overbergdistrik se skaakuitdunne deelgeneem. Verkillende skole in die distrik het deelgeneem en LSG se leerders het 6 wedstryde elk gespeel. Die pragtige totaal van 44 uit die 59 Gansies is genooi om aan die finale uitdunne op 8 Maart 2025 deel te neem, waar hulle vir Overbergkleure sal uitspeel - “baie sterkte aan julle elkeen en 'maak die regte skuif'”, het hulle LSG-ondersteuners laat weet.

**Hardus Botha**

# Okkie Smuts Primary School's successful Cricket events

On Saturday, 17th February 2025 Okkie Smuts primary school hosted their annual 6's a side Cricket Day in Stanford. The primary schools were Okkie Smuts and Gansbaai Primêr, Laerskool Kleinmond, Curro Hermanus, De Bron and Laerskool Gansbaai - these schools showcased the talent that is in the area. Curro Hermanus won the day in a very tightly contested final. All partisans, students, coaches and sponsors had a very enjoyable day. The day was made possible by various companies contributing caps, prizes, cooldrinks and medals.

OKKIE SMUTS
EXCELSIOR

A great thank you to Auto & General, MiWay, FSP, SAU, Netstar, DebtBusters, EXL estate agents, Fork and Farm, Overberg Agri Tim Hague and IDM Motor & Home brokers.

On Saturday, 22nd February, the 9th Okkie Smuts 6's cricket day took place at Stanford Square. The schools that participated were Okkie Smuts Primary School, Ganbaai Primary School, Gansbaai Primêr, De Bron Primary School and Kleinmond Primary School.

The sponsors who made the day possible are FSP Solutions, EXP real estate agents, Succession Financial Planning, Die Nutsman, Food Lovers, Momentum, Broker Buddy, Auto & General and OOBA. They sponsored prizes, trophies, sausage rolls, tasty packets of soft drinks and fruit. OOBA also donated R12 000 worth of cricket equipment to Okkie Smuts.
On behalf of Hilton Temmers, the headmaster at Okkie Smuts, the partaking children and myself, we would like the thank the various sponsors who contributed to a brilliant success. Without your help, it would not have been possible.

**Juan Manuel**

NEWS
Have a story you want to share?
Contact Hardus - 082 786 0494 / info2@gansberg.co.za

MEET the team
OFFICE:
028 205 0100



# CLASSIFIEDS

ALCOHOLICS ANONYMOUS
UNITY SERVICE RECOVERY AA

DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

## CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

## Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. 028 384 0480



## Maintenance Man

*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

## VIBRACRETE MURE
## Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

## Anice Blindings

Alle soorte blindings & shutters
Vir GRATIS kwotasie
Skakel 079 438 5929
"view catalogue>whatsapp"

HULP MET VUURWAPENLISENSIES
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

## BOSMAN VERWERS

Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak



Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580


**Contact us to Advertise**
Saskia van Zyl
068 697 9945 / saskia@gansberg.co.za

## Looking for a Job

Fridah Malenga Zulu
Looking for work: Any type of work
Malawian age 30 based here in Pearly Beach.
Domestic work, Restaurant, Cleaning and Kitchen experience.
Work Experience: Brooklyn E Cleaners
Massah Bill: 064 012 5400

Call: 068 724 8507
Whatsapp: 069 911 2220

GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*



**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Michelle van Zyl
078 010 8286
Michelle@gansberg.co.za

## KLEINMOND SKRYNWERKERS

Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

Have a story you want to share?
Contact Hardus
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 07/03/2025 | Saturday 08/03/2025 | Sunday 09/03/2025 | Monday 10/03/2025 | Tuesday 11/03/2025 | Wednesday 12/03/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 22° | 23° | 21° | 19° | 22° | 26° |
| Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from west 1.4 mm precipitation. | Moderate Breeze. 6 m/s from South 0 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from south 0.2 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from east 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 7 March | 0909 | 2229 | 0241 | 1607 |
| 8 March | 1118 | 0022 | 0504 | 1801 |
| 9 March | 1248 | 0121 | 0643 | 1907 |
| 10 March | 1340 | 0200 | 0738 | 1951 |
| 11 March | 0201 | 1417 | 0817 | 2024 |
| 12 March | 0233 | 1448 | 0848 | 2052 |
| 13 March | 0302 | 1516 | 0915 | 2118 |
| 14 March | 0329 | 1543 | 0940 | 2142 |
| 15 March | 0355 | 1609 | 1003 | 2206 |
| 16 March | 0420 | 1634 | 1027 | 2230 |
| 17 March | 0445 | 1700 | 1051 | 2254 |
| 18 March | 0509 | 1726 | 1117 | 2319 |
| 19 March | 0535 | 1755 | 1144 | 2347 |
| 20 March | 0603 | 1829 | 1216 | 0020 |

# Gansbaai Gholfklub
# Sakkie van der Merwe 1ste met GolfRSA Race


Sakkie van der Merwe en Koos Myburgh

Sakkie van der Merwe wen die *GolfRSA Race to the R & A 9 Hole Challenge at Royal Portrush 2025*, met Koos Myburgh tweede - knapgedaan, Manne!

**Woensdag, 26 Februarie:**
Marietjie de Villiers wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 40 punte, gevolg deur Bev Swart 36, Jacques Louw 35, John Wellman 33, Solly Wessels 33, Cobus Dippenaar 32, Leon Lombaard 29, Dirk van Dyk 28, Neil Harrison 28 en Clive Bailey 28.
Naaste aan die pen op no 8 was Jacques Louw.
Die komitee en lede bedank Richard Luke van Richies Rentals Car Hire wat die prys vir ons geborg het.

**Vrydag, 28 Februarie:**
Neil Harrison wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 21 punte, gevolg deur Callie Lourens 21, Sakkie van der Merwe 20, Jacques Louw 20, George Hunt 20, Pieter Uys 17, Kenny Aitken 17, Rene Myburgh 17, Deon Momberg 17 en Pietie Dry 17.

**GolfRSA Race to the R & A 9 Hole Challenge at Royal Portrush 2025:**
Sakkie van der Merwe het eerste gekom met 278 en Koos Myburgh tweede met 277.


**Saterdag, 1 Maart:**
Johan Coetzee wen die Houespel kompetisie met 66 net, gevolg deur Daniel van der Merwe 69, Daan Victor 79, Francois van der Merwe 72, Solly Wessels 73, Stephen Brown 75, Athol Kent 76, Rene Myburgh 76, Clive Bailey 76 en Gavin Flint 77.
Naaste aan die pen op no 2 was Leon Lombaard.

**Die Baklei Liga** het op Theewatesrkloof gespeel en het gelykop gespeel met Gansbaai 1.5 en Theewaterskoof 1.5.


**Volgende naweek 7 en 8 Maart:**
Die Vrydag (7 Mrt) en Saterdag (8 Mrt) word die Klubkampioenskappe gespeel, en die formaat is Houespel. Ons wens al ons deelnemers 'n genotvolle en suksesvolle toernooi toe!

**Verjaarsdae:**
Hugo Groenewald 8ste, Kobus Booysens 9de, Martiens du Plessis 10de, Hannes Cloete 11de en Anton Jordaan 11.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**


Johan Coetzee


Marietjie de Villiers


Neil Harrison

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

GansBerg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

# Sport

ADVERTISE HERE
CALL US
078 010 8286

OK Foods GANSBAAI
Tel: 028 384 0001
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00
MYLAND BILTONG
OK Liquor
Tel: 028 384 0001
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00

## Snoek lóóp naby Eiland


Joe Smit

Ja-nee, die snoek (grotes) het behoorlik naby die Eiland 'geloop' met die Birkenhead Boothengelklub se maandelikse boothengelkompetisie op Saterdag, 1 Maart 2025. Pragtige snoeke is boot-in getrek, met Joe Smit wat sommer 8 van die blinklywe gevang het. Joe se snoeke het hom die dag-titels van Swaarste bootgemiddeld, 1ste en 2de Swaarste vis, asook Swaarste sak laat inpalm en hy sluit sy boothengeldag af as Bootkampioen- en Mans Visvangkampioen voorloper.


Joey Rademeyer, Joe Smit en Schalk Kleynhans (Boot: GI Joe)

**Kompetisie-uitslae**
9 bote het ingeskryf, waarvan al 9 ingeweeg het. Die totale bemanningslede was 31, waarvan 2 dames was en 2 Juniors. Die aantal visse (5 spesies) wat ingeweeg is, was 175, met 'n totale massa van 173.55kg. Die gemiddelde massa per hengelaar was 5.60kg.

**Volledige uitslae**
Die volledige uitslae is soos volg: Swaarste bootgemiddeld, GI Joe van Joe Smit (19.97kg); 2de Swaarste bootgemiddeld, WaCa van Carl Dyer (8.93kg); Swaarste vis, Joe Smit (snoek, 5.25kg); 2de Swaarste vis, Joe Smit (snoek, 4.85kg); Swaarste sak, Joe Smit (32.25kg); 2de Swaarste sak, Schalk Kleynhans (18.85kg); Dames Swaarste sak, Joey Rademeyer (8.80kg); Dames 2de Swaarste sak, Trix Langley (4.05kg); Junior Swaarste sak, Rhonel Geldenhuis (2.85kg).


Alte pragtig! Lian Lourens (8) met 2 van sy 3 visse

**Voorlopers**
*1ste 3 Bootkampioene*: GI Joe van Joe Smit (36.60kg); WaCa van Carl Dyer (26.79kg); Oupa van Ben Uys (21.35kg).
*1ste 3 Visvangkampioene Mans*: Joe Smit (52.60kg); Philip Fourie (26.85kg); Marinus Kleyn (25.75kg).
*1ste 3 Visvangkampioene Dames*: Joey Rademeyer (20.35kg); Trix Langley 9.65kg); Anita Vermeulen (5.40kg).
*Visvangkampioen Juniors*: Ruan Langley (7.60kg); Rhonel Geldenhuis (2.85kg).

**Hardus Botha**


Voor: Philip Fourie. Agter: Marthinus Kleyn, Walter Mapham, Derick Petersen, Carl Dyer en Robbie Nelson (Boot: WaCa)


Danie Gericke, Dirk van der Walt en Ehlers O'Connell (Boot: De Wors)

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service

028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za